

# besoekersboek - Fanie Olivier

(Verse in my inboks, bl. 144)

## Woordverklarings

*besoekersboek* – boek in 'n hotel of ander verblyfplek waarin besoekers hul name en kommentaar kan skryf

*duskantse* – aan hierdie kant

*duikweë* – deurgange vir voertuie of voetgangers onder paaie en spoorlyne

*hiërogliewe* – skryftekens van antieke volke, soos die Egiptenare; prentjies en simbole wat 'n verborge betekenis het

*gideons* – 'n Christelike groep wat die Bybel versprei deur dit byvoorbeeld in kamers van hotelle of gastehuse te laat

*verskans* – versterk of beskerm; beveilig

## Agtergrond

Die impuls vir hierdie gedig is mense se geneigdheid om hul name en kommentaar te laat op plekke waar hulle oorgebly of deur gereis het.

## Gedig met byskrifte

Boek in oornagplek waarin besoekers name en kommentaar skryf

Spreker korrigeer homself; "inkrap" suggereer meer "permanente" aard

Inskripsie aanbring deur dit op iets te krap; ook "uitwis", d.w.s. verwyder

Aan hierdie kant van die ewigheid, dus mens se lewe op aarde

**besoekersboek**  
 op die sel se mure/het iemand uitgekrap  
 (of liewer: ingekrap): sy naam en al die dae  
 van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap  
 deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

5 wie was dié peter? waar kom pam vandaan?  
 hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?  
 sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan  
 het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys  
 10 waar jagtonele oorgebly het teen die krans.  
 vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys  
 lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap  
 moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

Plekke waar mense gewoonlik graffiti aanbring

Skryftekens van antieke volke, soos Egiptenare

Rotskuns van die San

Die "lesers" probeer hulself deur die skryfdaad verewig

Tradisionele simboliek van die Christus as die lam

Word beklemtoon deur posisie aan einde van versreël, in rym- en enjambement; beteken "versamel"; ook suggestie van krap met skerp voorwerp

Christelike groep wat Bybels versprei

Suggestie dat kind siek is, pyn ervaar

Na dubbelpunt volg spreker se inskripsie

Paradoks



## Opsomming

Die spreker neem inskripsies waar wat mense op velerlei plekke aangebring het as herinnering aan hul verblyf daar, of weens hul smagting na erkenning, byvoorbeeld teen die mure van 'n sel, 'n duikweg, rotse en in die Bybels wat die Gideons in hotel- of gastehuis kamers laat. Ten slotte bring hy ook sy inskripsie aan.